# HOEKOM MOET EK LEES?

As 'n opgeskote tiener my vra waarom hy nou eintlik moet lees, het ek vir hom of haar 'n handvol antwoorde. "Kyk na jou hand; daarin lê die vyf redes waarom, jy behoort te lees. Jy lees vir intelligensie, vir inligting, vir interessantheid, vir inspirasie en vir insig."

Jou duim staan vir intelligensie. Lees is die sterkste voorspeller van akademiese en beroepsukses. "Literacy is a critical and lifelong skill that serves as a benchmark for future educational and vocational success." Daarby klink 'n belese persoon slimmer as wat hy is. En vir die seuns daarbuite: Meisies is mal oor 'n ou wat intelligent kan gesels!

Jou wysvinger staan vir inligting. Dis ook jou waarskuwingsvinger en aanwyser. Komaan, ouens, as julle dit nou nog nie weet nie: Ons leef in die inligting-era! Tegnologie is grootliks op lees gebaseer. Net deur te lees, kan jy op hoogte bly. En of jy nou harde kopie of digitaal lees, maak nie saak nie. Wees gewaarsku: As jy nie lees nie, gaan jy van die tegno-wa val.

Jou middelvinger is jou interessante vinger. Dis mos hy wat so interessant kan swets. Hy herinner jou dat die lewe 'n interessante plek is. As jy lees, word jy deel van die heel interessante avonture, uitvindings en nuusgebeure. Jy mag nooit weer sê "Ek's verveeld" nie! Plus: Lees maak van jou ook 'n interessanter mens. Iemand wat cool feite en stories kan vertel, is altyd gewild.

Jou ringvinger is jou swakste vinger. Maar hy herinner jou aan die sterkste idees. Lees is inspirerend. Deur te lees kry jy nuwe, kreatiewe idees! As daar opstelle geskryf of toesprake gemaak moet word, is 'n leser die res van die klas loshande vooruit. Geestelike inspirasie kry jy uit boeke oor wysheid, geloof en lewensfilosofie! Dit maak van jou 'n volronde mens. Daar is 'n Russiese spreekwoord wat lui: "Vyf jaar van nou gaan jy die produk wees van die mense wat jy ontmoet het, die keuses wat jy gemaak het en die boeke wat jy gelees het."

Jou pinkie is jou insig-vinger. Lees laat jou uitvind hoe ander mense se kop tik. Jy klim in ander se kop in! Jy vind uit waaroor ander mense droom; wat hul vrese is; hoe hulle probleme oorkom. Jy lees van oorwinning en hoop en jy bemagtig jouself. Belangrik vir seuns: Lees bietjie meisieboeke! So gaan jy uitvind hoe 'n meisie se ratwerk draai. Ditto vir meisies!

Vat nou jou vuis bymekaar en dink oor hoekom jy moet lees. Vir intelligensie, inligting, interessantheid, inspirasie en insig? Ek hoop dat jou eintlike antwoord is: Vir die lekker!